

14 November 2021

Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

Markus 13:1-8

wat wil jy vandag **bereik**?

Die dinge rondom ons is tydelik, maar Jesus se liefde en krag is vir altyd.

ons **storie**: waar is ons nou?)

Wat is die grootste of hoogste gebou waarbinne jy al was?

Het jy al 'n aardbewing gevoel?

Hoe voel dit wanneer jy hoor van aardbewings of van groot geboue wat inmekaar geval het?

GOD se **storie**

wat sê **die Bybel** (daar en dan)

Lees **Markus 13:1-8** saam as 'n groep of familie.
Kyk dan die **Oupa Abie video** wat gaan oor die teksgedeelte

nouts
praktiese wysheid...



Nous volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

1. Ons eie storie

Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.

2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daarvoor. Vrae oor die teks word gevra.


3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Gebruik pakkies speelkaarte. Verdeel in kleiner groepies. Elke groep kry dieselfde hoeveelheid kaarte. Kyk wie kan die hoogste toring binne drie minute bou. Of julle kan almal saam een groot konstruksie bou met net die kaarte alleenlik.

Hoe voel dit wanneer die konstruksie inmekaar tuimel?



gesels dan oor die volgende saam

Hoe help Manie Muisenberg jou om oor die teks te dink?

Hoekom sou die dissipels en ander mense geskok gewees het om te hoor dat die tempel verwoes gaan word?

Watter boodskap het Jesus vir mense wat dink die wêreld is nou verby?

So 40 jaar na hierdie woorde van Jesus, is daardie selfde groot tempel verwoes. Wat sou Jesus se volgelinge vir ander mense kon vertel oor wat Jesus gesê het?

ons **nuwe** storie (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Watter dinge laat dit vir jou voel of ons by die einde van die wêreld is?

Watter hoop gee Jesus se woorde vir ons oor die einde van die wêreld?

Hoe help hierdie teks ons wanneer ons moedeloos raak?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Bid dat God se kinders wêreldwyd sal aanhou om met liefde te dien.

Bid dat mense Jesus sal volg, want Hy is vir ewig.

